

# PRO REGNO

Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28

Nommer 7

- Vir die Koninkryk -

24 Augustus 2009 AD

## Ons roeping en toekoms

dr. JD du Toit

---

Oorgeneem uit Totius se *Versamelde Werke*, deel II: Die Kerk (Kaapstad: Nasionale Pers, 1977), p.363-376. Oorspronklik verskyn in die *Gedenkboek der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*, 1909, en daaruit in Afrikaans oorgesit.

---

### Roeping

Die woord *roeping* klink soos krygsmusiek in die ore van die Gereformeerde belyer. Krygsmusiek dien om die stryder in 'n opgewekte en strydlustige stemming te bring of om hom, as hy moeg en moedeloos is, tot vernede aanval aan te wakker.

U is *geroep*, u is 'n *geroepene*, u het 'n *roeping* ontvang — dit was onder ons vaders en ook onder ons altyd die klanke waarmee hulle mekaar aangevuur het en met vrolike moed verder te gaan. Die lieflyngsklank, die opbeurende geluid van die vaders was dit. Wie, wat ook maar net 'n bietjie in die ou geskifte lyk, kan dit betwyfel?

Maar is dit ook ons s'n?

Ja, ook ons s'n?

Nog onlangs het 'n ouderling aan skrywer hiervan meegedeel dat sy ampswerk vir hom soms, o so moeilik kan wees. Die gedagte: om ure en ure op 'n ossewa te moet sit om in die uithoeke van sy wyk leesdiens te kan hou, lei af en toe in die versoeking om maar by die huis te bly en nie so nougeset te wees met die uitvoering van sy amp nie.

Maar as sy troue eggenote, as sy dit sien, hom toeroep: “Jy het 'n *roeping*: hoe kom jy daarby verby?” en blymoedig daaraan toevoeg: “Kom, ek gaan saam” — kyk, dan word hy besiel deur 'n blye gees, en die andersins troostelose werk word verheffend skoon.

Dit is *die roeping* by die werklik Gereformeerde belyer. Maar waarom nou juis by hom en nie by ander nie? Dis net wat ons nou wil sê. Hy en hy alleen glo nie aan die “vrye wil” nie. Mense wat die “vrye wil” aanhang, spreek liever nie van “roeping” nie. Die woord het vir hulle iets onvry's, iets gebonde, iets bykans gedwonge.

'n Adjudant wat deur sy generaal *geroep* word en van hom dan 'n opdrag ontvang, is nie meer 'n vry man nie. Hy *moet* gaan, al is dit dwarsdeur die koeëls. Daaruit moet dit verklaar word dat die Woord *roeping* teenswoordig nie meer so geliefd is nie. Ons wil liever “los” bly; en as daar nog iets gedoen word, dan moet dit uit vrye wilskeuse wees. Die mens van ons eeu geniet 'n besondere mate van vryheid, van vryheid wat byna aan losbandigheid grens. Daarom sal hy hom altyd minder laat *bind* deur 'n bepaalde, van buite af tot hom komende roeping. Hy spreek dan ook liever van: “ooreenkoms, wilskeuse, afspraak, wenslikheid”, en hy laat hom altyd meer lei deur sy *eie insig* betreffende goed en kwaad of deur sy *eie gevoel* van lus en onlus.

Iemand anders moet nie oor hom gebied nie: hy is sy eie heer en meester. Dit is nou nie maar net op die ongelowige wêreld van toepassing nie maar ook in baie gevalle op die wat hulle die kerk van die Here

noen. Ook daar word die eenaardige verskynsel openbaar: hulle wil God wel dien maar nie as *geroepe* gemeente en *geroepe* persone nie. Daar word belof om God te dien maar volgens *eie opvatting* en *eie wilskeuse*. En so kom dan tot stand wat die apostel noen 'n "*eiewillige godsdiens*", of wat die Here Jesus gebrandmerk het as leringe wat die "gebooe van *mense*" is.

Hierdie diens ontaard dan ook meestal spoedig in 'n diens van jousef en nie van God nie. Dit is afgodery en beelddiens. Daarom sê Samuel aan Saul: "Om gehoorsaam te wees (aan die stem van die Here) is heter as slagoffer, . . . want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens."

Daarteenoor staan nou die stipte "gehoorsaamheid aan die stem van die Here" (1 Sam.15:22). Dit is die *roeping*. Dit vloei voort uit 'n gesonde en kragtige geloof aan die ewige Uitverkiesing. Vir die ware Gereformeerde is die Uitverkiesing nie alleen die enigste rotsbodem van sy ewige saligheid nie, maar ook sy aardse lewe word deur daardie alles omvattende en alles deurdringende leerstuk beheers. Vals is die opvatting dat 'n mens in die tyd maar sorgeloos en ywerloos kan lewe en dat God hierna verplig is om ons die saligheid te skenk.<sup>1</sup>

Dieselfde God, wat van ewigheid tot ewigheid oor ons lewe beskik, bepaal ook ons bestaan op die aarde. Sodra die sielelewe van die gelowige daarom sover ontwikkel is dat hy kan dink en wil, roep God hom tot sy besondere lewenstaak en gee hom as 't ware sy aanstelling daartoe. Dit moet u streng en diep opvat. Dit is nie 'n kleinigheid waar ons nou oor handel nie.

Hierdie waarheid, mits dit suiwer opgevat word, sny dwarsdeur murg en been, dwarsdeur siel en gees, en laat ons met bewende erns verskyn voor God, tewens ons Skepper en Regter.

As ons eenmaal geroep is, behoort ons vir altyd, of ons lewe, of ons sterwe, *aan die Here*. Met alle eiewilligheid is dit dan klaar. Iemand het dit baie kras maar ook baie waar so uitgedruk: "As 'n engel die taak ontvang en twintig jaar lank aan 'n sondaar die evangelie te bedien, moet hy dit doen. As 'n mens die opdrag kry en twintig jaar lank by 'n siekbed te sit om iemand op te pas, is dit sy *godsdiens*."

By wyse van teenstelling volg verder hieruit dat die mens wat daardie selfde ding doen maar *ongeroepe* is, 'n waardelose, ydele werk verrig. Dit is soos die pas aangehaalde skrywer verder sê: "As iemand by 'n sieke waak nie uit selfverloëning nie maar omdat dit vir hom lekker is, dan het hy sy loon weg; dan eers beoefen 'n mens godsdiens, as jy daar sit asof jy deur God daar geplaas is; dit lê in die roeping. Nee, nooit moet ons iets doen as wanneer God dit sê nie; geen eiewillige godsdiens nie: *'n mens het nie die reg om te dien en jousef te verloën as God nie roep nie*."

Dit is sielsdeursnydend skerp gesê, nie waar nie? Maar u vra miskien al waarom ons op hierdie punt so aandring. Wel, omdat ons in 'n wêreld lewe waarin die vrye wil op die troon sit; en waar die vrye wil sy septer swaai, word die krag van die roeping nie meer gevoel nie.

Dit is dan ook geen wonder nie dat die woord *roeping* selfs by baie van ons 'n leë klank geword het. Die prikkel en te werk is afgestomp. Die heilige krygsmusiek swyg, en wie sryder moet wees, is 'n arme dromer.

Nadruklik moet ons dus die betekenis van die roeping vooropstel en alle Gereformeerdes daaraan herinner dat dit *hulle* woord is. Die Pelagiaan, Remonstrant en Methodis het 'n *keuse*, maar die Gereformeerde het 'n *roeping*. Dit is die verskil.

---

<sup>1</sup> In die HK bely ons: *Vraag 64*: Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie? *Antwoord*: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.

Wie nou volgens eie opvatting sy lewenstaak volbring, is 'n broer van 'n Pelagiaan, Remonstrant of Methodis. En wie in sy werk slap is, is minder as hierdie drie; hy mag van "roeping" nie spreek nie en is 'n oneer vir die Gereformeerde naam.

Ag, hoe baie is daar onder ons wat in hierdie opsig reeds lank die Remonstrantse pad bewandel, wat hulle lewenstaak self wil kies en dit volgens die uitspraak van die eie hart wil volbring. Nie die gedagte: *God wil dit en daarom moet dit*, gee by alle dink en doen die deurslag nie; nee, maar: ek dink so, ek wil so, ek oordeel so, *ek* beslis so — dit is die mens wat sy klein ekkie teenoor die groot EK van God stel.

Daarteenoor stel ons nou die Skriftuurlike waarheid dat God alleen ons Skepper en Here is, en dat Hy alleen die reg het om ons te roep. Hy dra ook in hierdie opsig sy eer aan geen mens oor nie. Hy *roep*, dit wil sê: Hy laat elkeen gebore word met 'n bepaalde deel, wys vir elkeen sy werk aan, stel elkeen op die aarde en 'n arbeid te volbring wat deur Hom uitgekies is. Vir willekeur en vrye keuse is hier nie plek nie maar nog minder vir *traagheid* en sondige *selfgenoegsaamheid*.

Ja, hoeveel is daar nie wat niks in die wêreld uitvoer nie, selfs nie in hulle naaste omgewing nie, en nogtans trots op die naam Gereformeerd roem!  
Om deur God *geroep te wees* en tog nog *te slaap* — is daar 'n groter teenstrydigheid denkbaar?

Staan op! Julle wat slaap; kom uit julle slaapkamer en laat Christus oor julle lig: dan eers kan julle waardiglik van 'n *roeping* spreek.

En nou daardie ander woord: *toekoms*.

### **Toekoms**

Roeping, soos ons gesien het, is 'n suiwere Bybelse woord en begrip; toekoms nie, ten minste nie in die gangbare sin nie. As ons sê dat iemand 'n toekoms het, bedoel ons daarmee dat hy op aarde welslae sal hê, vir hom 'n groet naam sal maak of skatte sal verwerf. As ons van die toekoms van 'n land praat, gee ons daarmee te kenne dat die land baie inwoners sal tel, baie rykdomme sal oplewer en vermaard sal wees onder die lande van die aarde.

Om groot te wees voor die oog van die mens, en van jou 'n gerug van vermaardheid te laat uitgaan word dus deur die meeste genoem: om 'n toekoms te hê, al behoort die toekoms ook netnou weer tot dit wat verby is, en tot die verganklikheid. In hierdie sin verstaan ons die woord *nie*.

Wie homself roep en sy lewenstaak eiewillig bepaal, kan, ewe aards en ewe menslik, sy toekoms moet volgens die mate van sukses wat hy op aarde behaal, en die mate van grootheid wat onder die mense sy deel word; maar nie hulle wat by die Woord van God leef nie. Dieselfde God, wat vir ons die lewensarbeid aanwys, het ook tevore vasgestel wat die uitwerking, die eindresultaat van ons bemoeiinge op aarde sal wees. En wat God die Here dikwels vir ons as toekoms bestel het, is in die oog van die wêreld dikwels *nie* 'n toekoms nie.

Johannes die Doper, hoewel niemand 'n groter profeet as hy was nie, het gemeet volgens die maatstaf van die aarde, geen toekoms gehad nie. Sy werksaamheid het maar kort geduur. Spoedig het hy in die gevangenis gesit, verlaat deur sy dissipels en volgelinge, en daar het in aaklige verlatenheid sy lewe geëindig.

Soos die bleek maan aan die Oosterse sonnehemel het hy altyd minder geword, totdat hy in die blou dieptes verdwyn het en die opgegane son — Jesus Christus — alles was. Nogtans het hy 'n toekoms gehad, want hy het 'n roeping gehad, en daardie roeping was juis om minder te word. Hy moes vir die kerk van God die Christus aanwys. Onsterflike eer! Maar daartoe moes sy lig heeltmaal geblus word, dat Christus alléén voor die oog van die kerk mag blink. En as Christus Hom nou daagliks aan die blik van die gelowige siel vertoon, dan leef Johannes die Doper weer in sy werk, in sy toekoms, in sy eer. Ons toekoms word dus deur God bepaal en is volgens die aard van die goddelike roeping. As ons in hierdie opsig met mense te rade gaan, dan soek ons die toekoms net in ons getalsterkte en in die popu-

lariteit wat ons belydenis by die groot massa geniet. So maklik word ons hierdeur ontrou aan ons roeping, en ons toekoms is aards en verbygaande in plaas van hemels en blywend.

“Na die wet en die getuienis” — dit is ons roeping. En as ons volgens hierdie woord spreek, sal ons ook ‘n *daeraad* hê — dit is ons toekoms (vgl. Jes.8:20).

Na hierdie voorlopige opmerkinge gaan ons nou daartoe oor en ons roeping en toekoms te bespreek. Ons doen dit volgens die tydsorde waarin hierdie roeping tot ons gekom het en nog kom, en sal dan meteens aanwys wat onder ons toekoms verstaan moet word. Ons begin by *die kerk*.

### Die kerk

Die Gereformeerde gedagte het hom eers weer geopenbaar toe die Kerk in 1859 tot reformasie gekom het. Helder en manlik word in die “Openlike verklaring” wat deur ons vaders van die tyd uitgespreek is, gesê dat wyle prof. D. Postma hulle op “hulle versoek as ‘n *Gereformeerde Kerk herstig* het”.

Hulle wou net Gereformeerde wees, soos die Kerk in die tyd van Jan van Riebeeck Gereformeerde was. Vanself is sodoende die geskiedkundige draad opgeneem wat teruggaan tot op die groot Dordtse Sinode van 1618/19. Die manne van ‘59 het dan ook nadruklik verklaar dat hulle *Gereformeerde* wou wees en *bly*, en wel volgens die Drie Formuliere van Eenheid en die Kerkorde van die Dordtse Sinode.

Dit is ook *ons roeping: Gereformeerde wees en bly.*  
*Net Gereformeerde en niks anders nie.*

Opmerklik is dit dat ons teenstanders in Transvaal ons Kerk die “*Enkel Gereformeerde Kerk*” noem. Dit is ten spyte van hulleself volkome korrek. Mag die Here net gee dat ten opsigte hiervan ons oog eenvoudig mag wees en dat ons ons nie ter wille van die tydgees mik om half- of driekwart Remonstrants of Metodisties te wees nie. Wie kan ons teenwerp dat dit nie ons roeping is nie? Nou ja, wees dan net Gereformeerde. Dan *vervul* u u roeping. Dan besit u ‘n goeie gewete.

Ons moet maak soos die blom, wat sy roeping volbring *as hy blom is en niks anders nie*. Dit sê die Vlaamse digter Gezelle so uniek mooi in die volgende verse:

O wilde en onvervalste pracht  
der blommen, hangs de watergracht! ...  
Daar staat ge: en, in de zonneschijn,  
*al dat gij doet is blomme zijn!*

Maar wees dan ook Gereformeerde *met al u mag*. Wees hierin *wakker*. Wie slaperig in sy slaapkamer vertoef, is nie werklik en kragtig geroep nie. Die geroepene is buite, en hy *werk*. Die gemeente is ‘n *geroepe* gemeente. Die woord gemeente beteken volgens die oorspronklike Grieks: *die uitgeroepene*. En, waarlik, dit is nodig en die alarmklok te trek. Die gevaar is groot. Groot nie alleen na buite nie, maar ook binne-in die huis, waarin so baie gerus lê en slaap.

Die gevaar is dit. Om Gereformeerde te wees raak uit die mode. Die Remonstrant is meer tuis in ons 20ste eeu. Daarom dat dikwels in ons siel hierdie oorlegging oprys: “Kyk, Gereformeerde is wel nog goed, net ‘n bietjie verouderd; daarom is dit ook ons roeping om hier en daar so effentjies Remonstrants te wees.”

Aan sulke oorlegginge moet daar nie plek gegee word nie. Die Drie Formuliere bevat *Bybelse, ewige* waarhede; die leer waarby ‘n mens nie alleen kan *lewe* nie maar ook kan sterwe — die *enigste troos*. Al daardie gesmaal op die Dordtse tyd is dan ook eenvoudig die openbaring van onkunde en oppervlakkigheid.

O, as daar maar onder ons daardie diepe kennis van die weë van God en daardie lewe in die siel was! Wie na Dordt wil teruggaan, moet homself terselfdertyd toeroep: *sursum corda*, dit is: die hart na bowe!

Dit was die tyd van die *martelare*. Dit ken ons nie meer nie. Ons beteken so min. Wat sal die kerk-geskiedkundige later van ons kan opteken?...

Hoeveel nou van ons geëis word by die aanvaarding van die Gereformeerde belydenis, kan die beste blyk as ons die leerstuk van die Uitverkiesing, wat teenswoordig so gesmaak word, as voorbeeld neem. Watter sedelike mond en watter geheiligde gewete moet ons nie besit om dié leer te bely nie! Ons praat natuurlik nie van hulle wat hulle in 'n hoekie met 'n boekie afsonder, hulleself en niemand anders as die uitverkore klompie beskou en daarom die wêreld sy gang laat gaan nie. Dit is spot met die Uitverkiesing.

Nee, ons bedoel diegene wat hulle self gedurig toeroep: Hoe behoort ons te wees in heilige wandel en godsaligheid as ons van daardie hoogheerlike heilgeheim wil stamel; as ons oortuig wil word dat ons gebede, wat nag en dag tot God opklim, die wêreld regeer (Luk.18:7).

Dit is dan geen wonder as die een sielsbenoudheid op die ander volg en ons amper nie weet hoe om in die belydenis staande te bly en dit aan ons kinders en kindskinders tot by die toekoms van Jesus Christus oor te lewer nie.

Hoe voel ons nie by sulke oorweginge dat ons vadere 'n sielskrag ontwikkel het waarvan ons nouliks 'n flou besef het nie.

Maar 'n duurder roeping lê op ons. Dit is nie genoeg om te bewaar wat voorhande is nie; ons moet ons belydenis *ontwikkel* deur die toepassing daarvan op die lewe van die 20ste eeu; deur nuwe aanvalle met nuwe wapens te bestry, nuwe verskynsels volgens 'n nuwe maatstaf te keur en nuwe eise met nuwe hulpmiddels te beantwoord.

As ons as Gereformeerdes in die gedrang kom, pas dit ons nie om 'n verouderde wapen uit die ou wapenhuis te gaan haal om so met 'n klipwapen teen die nuwerwetse mauser te veg nie; ewe min pas dit ons om by die Metodis 'n wapen te leen. Ons moet ons eie wapens smee. Die Gereformeerde kan in ons tyd net so goed as vroeër 'n man wees, as hy maar net weet om sy wapen so te giet dat dit kan wedywer met die beste wat die vyand het. Daarvan is dr. A. Kuyper die sprekendste voorbeeld. Lees maar 'n bietjie sy jongste werk: *Om de oude Wereldzee*, en u sal u moet verbaas hoe die ware Gereformeerde weet om in die groot wêreldlewe belang te stel, hom daarin tuis te voel en daaraan rigting te gee en dit te stuur.

Maar dr. Kuyper het dan ook steeds die Gereformeerde *gedagte* ontwikkel. Dordrecht het die fondament gelê, maar hy wil die huis klaar sien. Daarom moet ons bou, bou met die boustowwe van ons tyd, maar net sorg dra dat ons nie van die boustyl van ons vadere afwyk nie. Dit is wat by ons kortkom.

Om reguit te praat. Baie het van ons jongste Sinode teleurgesteld teruggekom, omdat by hierdie een en daardie een nog te veel sprake is van: „Laat ons by die ou gewoonte bly.”

Nou is bly by die ou gewoonte in baie opsigte 'n krag wat in die algemene afval van ons dae nie te versmaak is nie. Dit staan dikwels gelyk aan 'n terugkeer, met opoffering en onder versmaakheid, na die ou paaie, en as sodanig word dit deur ons gewaardeer. Maar en by die ou gewoonte te bly kan ook gebeur as gevolg van traagheid van die gees. Die mens wil nou reeds op sy louere rus en sy toekoms geniet. Maar so iemand het dan ook *nie 'n roeping nie*. Sy taak is al afgehandel!

### **En wat is die oorsaak van hierdie wantoestand?**

Dit dat ons Gereformeerde waarhede soos groot brokke vaste kos in ons geestelike maag lê maar onverteer is en nie in lewensbloed en lewenskrag omgesit nie; en daarom maak ons soos een wat te veel geëet het: ons sit en slaap in plaas van te dink en te handel.

Of, om by die net gebruikte beeld te bly: ons vaders van '59 het 'n stukkie muur op die Dordtse fondament gebou, maar ons is so bang dat ons nie by hulle boustyl sal bly nie dat ons liever die mure so halfklaar laat staan en nie meer een steen op die ander sit nie. Daarom roep ons om kennis, kennis, kennis, deeglike, verteerde kennis, en dan — *aanpak!*

## **Kerkrade**

Eerstens kom hierdie roeping tot ons kerkrade. Hulle moet aanpak: die katkisasie, die verspreiding van Gereformeerde boeke, die huisbesoek, die sending, die arme- en siekeversorging en so baie ander dinge.

En as hulle hul met die eise van die tyd tot ons algemene vergaderinge en sinodes wend, dan moet hulle inderdaad *gehelp* word deur die aanwysing van die regte weë en middele. En ons lidmate moet die amp van alle gelowiges uitoefen deur die kerkrade te steun en aan te vuur in plaas van deur laksheid en eie-willigheid hulle te ontmoedig wanneer iets nuuts en iets goeds en iets groots onderneem word.

Dan eers kan ons 'n daeraad, 'n *toekoms* verwag.

Ja, die Gereformeerde belydenis is nie gebore en te sterf en te verdwyn nie. Dit moet nog daar wees as Jesus Christus op die wolke kom. Ons lees dat die buitelandse godgeleerdes op die Dordtse Sinode nie tevrede was om ons belydenis te ondersoek en te vind dat dit met die Woord van God ooreenkom nie, maar hulle het aan hulle verklaring ook hierdie bede toegevoeg: "daarenbore is die inlandse godgeleerdes deur die buitelandse vermaan dat hulle in hierdie regsinnige, Godsalige en eenvoudige belydenis van die geloof standvastig moet volhard, dit aan die nakomelinge onvervals moet nalaat en tot die koms van onse Here Jesus Christus onvervals moet bewaar."

En daarop het ons Dordtse vaders plegtig die gevraagde belofte afgelê. Mag ook ons daartoe van God die krag en die getrouheid ontvang en dan in die koms van Christus ons toekoms te geniet!

Hiermee is ons taak nog nie afgehandel nie. Ons roeping strek, ook vanuit die gesigspunt van die kerk gesien, veel verder uit. En dit is juis ter wille van die kerk wat ons nou op ander lewensterreine oorgaan om kortliks aan te wys dat ons ook hier ons roeping moet ken en betrag, as die kerk in staat wil wees om sy roeping as kerk te vervul. Ten eerste ken die *huisgesin* ten sprake.

## **Die huisgesin**

Die huisgesinne is die "ogies" waaruit die kerklike stroom gevoed word. Dit het die Gereformeerdes altyd besef. Vandaar dat die huislike saamlewe by ons nog altyd hoog geskat is, ja, selfs die kerklike lewe hom vir 'n groot deel daarin teruggetrek het.

Gereelde openbare Godsverering op Sondag het mens onder die Voortrekkers en selfs onder hulle seuns nie aangetref nie. Hoogstens vier maal per jaar het hulle vir die Nagmaalsviering saamgekom, en verder het dit gelyk of die sigbare kerk van die aarde af verdwyn het. Nee, nie verdwyn nie: dit het stil-stil voortgetier op die land in die eensame boerehuise.

Daar is die Statebybel met kanttekeninge en die Gereformeerde skrywers ernstig bestudeer, die huisgodsdienst getrou waargeneem en het vurige gebede uit die binnekamer en van die huisaltaar tot God opgeklim. Hierin het daar egter 'n verandering ten kwade gekom. Die nougeseette huisbesoek oortuig ons meer en meer dat die huisgodsdienst dikwels ydele vorm is, soms baie gebrekkig en ongereeld waargeneem word en partykeer heeltemal nagelaat word. Daarmee gaan dan gepaard die wegwyning van die persoonlike godsvrug. Onder sulke toestande kan die kerk nie bloei nie. Te minder omdat dit nie alleen in die volwassenes ly nie maar ook in die kinders, wat die saad van die kerk is. Vroeër, toe die teenswoordige skoolwese onbekend was, is al die nadruk op die huislike opvoeding gelê, wat deur die vader en die moeder self ten hand geneem is, en wat die huisonderwyser, wat vir ses maande of 'n jaar gehuur is, gedoen het, was meer van tegniese aard.

Daardie werk het God merkbaar geseën. Ons kan gerus sê dat ons beste kerkmanne nou nog diegene is wat nooit 'n staatskool gesien het nie maar net geleef het uit dit wat van vader of moeder geleer is, aangevul deur die onderrig in lees en skryf, wat van die huisonderwyser ontvang is.

En daardie werk seën God nou nog. Ons beste katkisante kry ons uit die huise waar vader en moeder in staat is om hulle kinders 'n Gereformeerde opvoeding te gee. Ja, selfs die aanwesigheid van 'n nie so

slegte staatskool kan in hierdie opsig die gebrek van die ouers nie aanvul nie. Die getroues word egter min. Baie ouers gee die aan hulle deur God toevertroude taak heeltemal aan die onderwysers oor, so selfs dat hulle nie eens meer die moeite doen om te vra *wat* daar in die skool geleer word nie. Asof die onderwyser (soms 'n ongelowige of halfgelowige man) die belofte vir die kinders afgelê het en vir die belofte verantwoordelik is! Geen wonder dat ons, sedert die staatskool die septer oor ons kinders swaai, die kerk vol lidmate kry wat dikwels maar 'n flou besef het van wat Gereformeerd is. Hierdie wantoestand moet opgehef word. Selfs al bestaan daar goeie skole, dan is die ouer nog verplig om sy kind by die huisgodsdienste te leer en te ondervra en in alle opsigte te sorg dat hy in die huis 'n Gereformeerde opvoeding kry.

Die geskiedenis bewys dat as die huisgesin gesond is, beide kerk en staat bloei. Die huisgesin is die bron van die menslike samelewing. Gee ons dus Gereformeerde huisgesinne, en die Gereformeerde Kerk sal bloei. Anders gaan ons gewis 'n donker toekoms tegemoet. Nou kom ons by die *skoolkwessie*.

### **Die skool**

Baie sal ons daarvan nie sê nie. Nie op die *weet* nie maar op die doen kom dit nou aan. Ons is byna almal volleerd in die skoolsaak maar het, helaas! so min gedoen. Daarom moet net gevra word, na aanleiding van die titel bo-aan hierdie stuk: is daar vir ons 'n roeping ten opsigte van die vrye, Christelike, Gereformeerde skool, *ja of nee?*

As 'n mens nee antwoord, dan oorsien jy meteens die gevolge. Laat ons dan ons Sinodale Bepalinge met betrekking tot hierdie saak vir goed stukkend skeur; laat ons nooit meer vurige toesprake daarvoor hou nie; laat ons nooit meer vroom kla oor die bedorwe toestand van die jeug nie; laat ons dan ook nie meer sê dat ons 'n roeping het en Gereformeerd te wees nie.

As die Gereformeerde belyer naas sy Kerk nie 'n Gereformeerde skool kan stel nie, dan is dit met die waarlik Gereformeerde Kerk ook spoedig klaar.

Waar bly wat Groen van Prinsterer gesê het: "Geen onderwys buite die skoolure (ook nie die katkisasie nie) kan aanvul wat by die publieke skool ontbreek, of verbeter wat dit betref nie?" (*Studiën en schetsen*, bl.85).

Maar nee, sê die leser, ons het 'n roeping in hierdie opsig; en dit word deur ons van ganser harte toegestem. Dit is hier die herhaling van die ou stryd, wat in Nederland gedeeltelik uitgestry is. Toe die Gereformeerde besef meer as 'n halfeeue gelede daar ontwaak het, is spoedig gevoel dat naas die Gereformeerde Kerk 'n Gereformeerde skool moes staan. Honderde skole is met groot opoffering opgerig, en die staat is deur hierdie kragtige aksie gedwing en eindelijk subsidie te gee.

In Amerika het ons geloofsgenote dieselfde spoor gevolg, hoewel dit eers later gekom het. Dit het ons getref wat ds. Van Goor in die *Gedenkboek* van die Christelike Gereformeerde Kerk hieromtrent geskryf het. 'n Predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aldaar het vir hom gesê: "Ag, laat ons dit nou maar sê soos dit is: die Christelike skool word nagestreef en die Afgeskeie Kerk daardeur in die lewe te hou. Ek (ds. Van Goor) het natuurlik geantwoord: Hoegenaamd nie, maar as die dinge dan reguit by die naam genoem moet word, kan dit ook wees dat baie teen die Christelike skool is, omdat hulle teen die Gereformeerde beginsels is. In elk geval is dit 'n goeie getuigenis vir die Christelike Gereformeerde Kerk as sy bloei deur sulke goeie middele bevorder word."

Maar waarom is dit in Afrika so treurig gesteld met die skool? Wel, omdat ons ons roeping nie *voel*, *besef* en daarvolgens *handel* nie. Hoe Remonstrants tree ons op! Soos gesê, het die Remonstrant 'n vrye keuse, die Gereformeerde ewenwel 'n deur God *bepaalde roeping*. Ons wil vry bly. Nou sê die een dan ook: Die tyd is daar nog nie voor ryp nie; iemand anders: Afrika is nie Holland nie; en nog 'n ander een: Ons mense verstaan die saak nog nie, ens. Goed, maar dan is daar ook nie 'n roeping nie. God roep nie as die tyd nie ryp is nie. God roep nie in Afrika as dit in Holland moet wees nie. God laat 'n sinode nie bepalinge aangaande vry onderwys opstel en aanneem as ons niks daarvan verstaan nie. Hoe min ons dan ook ons roeping opvolg, ook selfs waar ons dit sonder opoffering kan doen, blyk

daaruit dat deur ons Kerk in Transvaal nie eens geprotesteer is teen die aanvaarding van die wet wat ons intussen veroordeel nie!

### **En waarom het ons nie geprotesteer nie?**

Wel, omdat ons op die politieke terrein nie van ons besondere roeping bewus is nie. Elders in hierdie boek (Totius verwys na die Gedenkboek –red.) word aangetoon dat ons mense selfs voor die Afskeiding op politieke en maatskaplike gebied 'n afsonderlike party gevorm het, die “doppers” genoem, en dat hulle as sodanig die Afrikaanse saak die kragtigste gedien het.

Teenswoordig begin ons meer en meer vir hierdie naam te skaam en plaas van hom te respekteer en hoog te hou. Saamgaan en saamsmelt is nou die wagwoorde op alle gebiede wat buite die Kerk om lê.

Daar moet met die stroom saamgegaan word — so word daar gedink; daar mag nie van Gereformeerde en ongereformeerde gepraat word nie; daar roep God nie, maar die menslike verstand dink alles self uit, en die menslike wil volbring alles op eie geleentheid!

Gevolg hiervan is dat die Gereformeerde belydenis van die een terrein na die ander verdryf word en naderhand in die kerk opgesluit sit soos 'n kanarie in sy hokkie. Die voëltjie sing nog nou en dan 'n liedjie en streel ons ore vir 'n oomblik maar het verder glad nie meer kontak met ons lewe nie.

### **Die politiek**

Ons is dan ook heilig daarvan oortuig dat as dit by ons nie tot die vorming van 'n Gereformeerde politieke party kom nie, ons uiteindelik nie een van ons lewensroepings kan volbring nie. Die lewe is een, en die roeping is een. Om op Sondag uit een beginsel te lewe en op Maandag uit 'n ander een, is onmoontlik.

Hoe op aarde kan ons op staatkundige gebied ons Gereformeerde beginsels handhaaf in sulke sake soos vrouestemreg, doodstraf, gelykstelling ens. as daar nie 'n program is wat deur 'n party opgestel en verdedig word en wat vir ons sê hoe ons met betrekking tot hierdie dinge volgens Gods Woord moet oordeel nie?

Menigeen sê egter: “So kom daar verdeeldheid, en die eenheid moet tot elke prys bly.” Goed. Maar wees dan konsekwent en sê dit ook met betrekking tot die kerk. Om daar verdeeldheid te veroorsaak is dan nog groter sonde. Maar daar moet nie so geredeneer word nie.

Ons vra net: Wat is die roeping van God? Hierdie roeping het in Holland Gereformeerdes tot 'n kragtige Antirevolusionêre Party onder dr. Kuyper uit die massa uitgeroep. En is hierdie roeping hier minder sterk? Moet ons stilswyend aanhoor as gesprek en geskryf word teen die goddelike instelling van die doodstraf? As openbare vrouestemreg verdedig word? Ja, die Christelike skool deur die staatsarm verkrag word?

Eers met die vorming van politieke partye met duidelike politieke geloofsbelydenisse sal die lug gesuiwer word. En soos in Holland drie afsonderlike Christelike partye saamwerk in een Christelike ministerie, altyd met behoud van die onderlinge verskilpunte — so sou ook hier 'n Gereformeerde party in die groot, nasionale kwessies met die ander Afrikaanse partye kan saamwerk en tog sy Gereformeerde belydenis kan handhaaf.

So alleen sal ons ons groot roeping heeltmaal vervul, en vir die Gereformeerde beginsel sal daar in Suid-Afrika 'n toekoms wees.

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 083 660 1578 E-pos: [proregno@gmail.com](mailto:proregno@gmail.com)

Esra Instituut: [www.esra-instituut.co.nr](http://www.esra-instituut.co.nr) Blog: <http://proregno.blogspot.com>

“As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op” – Maarten Luther